Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

# JUNIE 2021

# GESKIEDENIS V2
# ADDENDUM
# (EKSEMPLAAR)

Hierdie addendum bestaan uit 10 bladsye.

## VRAAG 1: HOE HET SUID-AFRIKANERS OP P.W. BOTHA SE HERVORMINGS IN DIE 1980's GEREAGEER?

### BRON 1A

Hierdie uittreksel fokus op die hervormings wat deur die apartheidsregering geïmplementeer is om apartheid te hervorm.

Die nuwe Botha-administrasie het dus begin om apartheid te transformeer. Dit het regte aan swart vakbonde en belangrike voorregte aan die stedelike swart arbeidsmag gegee, maar dit was die regering se poging om 'n swart middelklas te skep wat die grootste impak op Soweto gehad het. Die regering het gehoop dat hierdie klas swartmense te veel sou hê om te verloor om by die vryheidstryd betrokke te raak.

Sentraal tot die regering se hervormingsinisiatief was die herbekendstelling van die 99-jaar erfpagstelsel. Die inwoners van Soweto is weereens toegelaat om te koop eerder as te huur, nuwe huise sowel as die ou vuurhoutjiedosiehuise. Hulle kon ook hul huise opknap. Die regering het 'n groot advertensieveldtog van stapel gestuur met die slagspreuk, 'Koop nou, verbeter en voel veilig'. Alhoewel min huise aanvanklik verkoop is, is heelwat huise verkoop nadat lenings aan die kopers beskikbaar gestel is.

[Uit *Soweto: A History* deur P Bonner and L Segal]

## BRON 1B

Hierdie uittreksel fokus op die rol wat die UDF gespeel het om apartheid te weerstaan.

’n Vakuum is in die ‘townships’ geskep en gewone swart mans en vroue het besef dat alle Suid-Afrikaners wat apartheid teenstaan, nou moet verenig in ’n nasionalistiese stryd om die regering tot onderhandelinge te dwing. Dit was in hierdie vakuum dat belangrike nuwe politieke figure soos eerwaarde Allan Boesak, Albertina Sisulu en Patrick ‘Terror’ Lekota en talle ander bymekaar gekom het om ’n nuwe breëbasis anti-apartheidsorganisaie te loods.


Die United Democratic Front is 20 Augustus 1983 gestig. Die doel van die UDF was om verskeie groepe in Suid-Afrika byeen te bring wat vir dieselfde doel geveg het: vryheid van die apartheidsregering. Na die Soweto-opstand het meer jeugdiges, studente en werkers betrokke geraak by die anti-apartheidstryd. Hul nuwe taktieke en weerstand was meer aggressief en militant. Die UDF wou hierdie veranderinge tot ’n politieke vlak neem en het gevra vir verandering deur massamobilisasie en verset. Die UDF het onder die slagspreuk, “Mense se Mag” gefunksioneer waarin verklaar is dat om die politieke stelsel te verander, op die plaaslike vlak moet begin. Die UDF het gou besef dat dit baie moeilik was vir die staat om die veelvuldige weerstandsveldtogte te onderdruk, veral die onregeerbare taktieke van verbruikers- en huurboikotte en protesoptogte.

In Januarie 1986 het die UDF die African National Congress ontmoet om in meer besonderhede die UDF en sy rol teen die apartheidsregering vas te stel.

[Uit www.ancarchives.co.za. Toegang op 11 Mei 2021 verkry.]

**BRON 1C**

Hierdie is 'n plakkaat wat in 1984 deur die UDF in sy anti-verkiesingsveldtog teen apartheid gebruik is.




[Uit South Africa-info.com/history/nelson-mandela-timeline/attachment/united-democratic-front-elections-boycott-poster-1984/. Toegang verkry op 11 May 2021.]

**VERTALING**
**MOET NIE IN APARTHEIDSVERKIESING STEM NIE**

**VOORWAARTS NA VRYHEID**

## BRON 1D

Die bron hieronder verduidelik die rol wat gemeenskaporganisasies in die stryd teen apartheid gespeel het.

Die botsings van 1984–1986 het 'n nuwe fase in volksweerstand in Suid-Afrika ingelui. In baie townships regdeur die land het die burgerlike regering in duie gestort, en is vervang deur alternatiewe nie-amptelike organisasies wat op 'volksmag' aangedring het. In baie gevalle het jeugorganisasies die inisiatief geneem, hoewel hulle steun verkry het van 'n breër sektor van die gemeenskap as wat vroeër die geval was. Daar was doeltreffender skakeling tussen studente en werkers. Straatkomitees het gekoördineerde optrede soos huurboikotte en verbruikersboikotte van wit besighede georganiseer om die eienaars te oorreed om die eise vir desegregasie en vermindering van onderdrukking deur die staat te steun.

Die gebeure van die middel 1980's is beslis gekenmerk deur die verrysing/opkoms van 'n jong manlike geldingsdrang in die politieke arena waaraan tevore deur bendes uitdrukking gegee is.

[Uit *The Making of Modern South Africa* deur N.Worden]

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 2: HOE SUKSESVOL WAS DIE WAARHEIDS-EN VERSOENINGS-KOMMISSIE (WVK) IN DIE HANTERING VAN DIE DOOD VAN AKTIVIS LENNY NAIDU?

### BRON 2A

Die volgende bron is ŉ kort uiteensetting van Lenny Naidu en sy aktiwiteite in die ANC deur Arushan Naidoo soos dit in THE POST verskyn het op 24 Junie 2018.

Durban – Surendra 'Lenny' Naidu was ŉ vegter van die ondergrondse stryd as ŉ lid van die ANC se gewapende vleuel, Umkhonto we Sizwe (MK), ŉ studente-aktivis en ŉ held vir baie. Naidu het sy lewe daaraan toegewy om die idee van nie-rassigheid en eenheid te bevorder, deur onophoudelik te veg vir Suid-Afrikaanse vryheid en het daarna gestreef om die kwaliteit van lewe vir alle mense te verbeter.

As ŉ lid van die Natal Indian Congress (NIC), het hy aan al hul veldtogte deelgeneem en daarna gestreef om die NIC se doelstellings vir gelyke regte vir almal te bevorder. In November 1986 het Naidu ŉ lid van die ANC geword en bygedra tot die ondergrondse stryd deur by Umkhonto we Sizwe aan te sluit.

Hy was aan gedurige teistering deur die polisie onderwerp, wat hom in ballingskap (uit die land) gedwing het. Hy het vertrek na Lusaka, waar hy verdere instruksies sou ontvang, voordat hy in Angola vir militêre opleiding sou aanmeld. In Mei 1988, het Naidu Angola verlaat om terug te keer huis toe. Hy het sy weg gevind na Zambië voordat hy ŉ vlug sou kry vanaf Mosambiek en dan in Swaziland sou laat land.

Naidu het voortgegaan om in Swaziland aan te bly terwyl hy op instruksies gewag het oor hoe om Suid-Afrika te infiltreer (binne te gaan). Op 8 Junie 1988 is Naidu en MK-kamerade Makhosi Nyoka, Lindiwe Mthembu en Nontskilelo June Rose Cotoza naby Piet Retief in ŉ lokval doodgeskiet wat deur die voormalige polisie-kolonel, martelaar en moordenaar onder die bevel van die apartheidsregering, Eugene de Kock, gekoördineer is. Vier dae later is polisiemagte deur ŉ medepligtige aangesê om na die omgewing terug te keer. Hulle het die lewens van vyf jong MK-lede geneem.

[Uit https://www.iol.co.za › thepost › lenny-naidu-the-making-of-a-hero-15631. Toegang op 20 Oktober 2019 verkry.]

## BRON 2B

Die volgende bron is ŉ transkripsie van getuienis wat Leslie Naidu voor die WVK gelewer het aangaande die moord op sy broer en student-aktivis, Lenny Naidu.

**KOMMISSARIS:** Mnr. Naidu, beide Mnr. Naidu's, julle het gehoor van die kommentaar wat ek vroeër aan die getuie voor julle, Gloria Nyoka, gelewer het, en ek herhaal dit ook vir julle beswil. Ons kan slegs dink wat julle en jul familie moes deurgaan om jul broer, en jou seun, te moes identifiseer in die toestand waarin julle hom gevind het. Hy was ŉ jong persoon wat, soos julle gesê het, baie van sy jong lewe daaraan toegewy het om vrywillige werk onder ander te doen. Hy het verpolitiseer. Hy het die land verlaat. As julle net daaraan moet dink dat sou hy gearresteer en aangekla wees volgens die wet in daardie dae, aangekla omdat hy ŉ lid van die ANC was, aangekla omdat hy die land onwettig verlaat het, of sonder ŉ paspoort was, is daar geen twyfel dat hy vandag nog sou gelewe het en vandag vry sou wees. Maar dis hoe dit gebeur het in daardie dae, en die oorweldigende waarskynlikheid is – as jy in sou neem dat beide hierdie groepe op verskillende dae gesterwe het, in presies dieselfde omstandighede, die oorweldigende waarskynlikheid is dat hulle eenvoudig vermoor is, en – as ek reg onthou van daardie tye –op mekaar in ŉ tronksel geplaas is, waar julle hulle moes uitken.

Ons weet dat mnr. De Kock en mnr. Nafumela om amnestie aansoek gedoen het, en ons gaan baie deeglik na daardie aansoeke om amnestie kyk om vas te stel of hulle volledige openbaarmakings maak, soos wat van hulle vereis word om te doen, en om te sien wat hul weergawe van hierdie gebeurtenisse is. Dit is ook moontlik dat toe De Kock sy rede ter versagting vir sy vonnis gegee het – soos julle weet is hy reeds aangekla van 89 sake, insluitende ses vir moord – as hy sy rede ter versagting vir sy vonnis aanbied, word daar verwag dat hy na ander insidente ook sal verwys en dat dit ook ŉ leidraad sal wees om uit te vind wat in Junie 1988 met jul broer, jou seun, gebeur het.

So ons bedank julle omdat julle die moed gehad het om vandag vorendag te kom.

[Uit http://sabctrc.saha.org.za. Toegang op 20 Oktober 2019 verkry.]

## BRON 2C

Die volgende koerantartikel getiteld 'WVK Piet Retief-moorde aanhoor' is deur Sue Blaine geskryf. Dit het die *Independent* aanlynwebtuiste op 26 Julie 1999 verskyn.

Voormalige Vlakplaas-opperbevelvoerder, Eugene de Kock, het Maandag nog 'n aansoek om amnestie ingehandig by die Waarheids-en Versoeningskommissie, waar vertel is van die sekuriteitspolisie se lokvalle van agt anti-apartheidsaktiviste wat in Durban gestasioneer was.

De Kock en 21 ander polisiemanne is gereed om die WVK-verhoor by die Durban Christelike Sentrum, Mayville, te vertel hoe twee pare Umkhonto we Sizwe kaders in 'n lokval gelei is in Piet Retief, op die Mpumalanga grens, en in 1985 deur Vlakplaas-operateurs doodgemaak is. In die eerste lokval is Durban ANC-aktivis Lenny Naidu en drie vroue vermoor (doodgemaak) toe sekuriteitspolisiemanne, wat hulle in 'n lokval gelei het, op 'n voertuig geskiet het waarin die vier oor die Swaziland-grens na Suid-Afrika vervoer is …

Blykbaar het die Piet Retief-polisie die MK-netwerk geïnfiltreer, inligting bekom aangaande die bewegings van kaders (vegters) oor die Swaziland-grens en De Kock gevra om met die operasie te help. 'n Vlakplaas-bestuurder, wat deur die WVK slegs as LT Moshe genoem word, het op 8 Junie 1985 die vier kaders Lenny Naidu, Charity Nyembezi, Makhosi Nyoka en Nonsikelelo Cothoza opgetel, en hulle na 'n vooraf afgesproke plek geneem. Die bestuurder het van die voertuig weggehardloop en die sekuriteitspolisie het toe op die vier geskiet, en al vier doodgemaak.

Die tweede lokval, wat 'n paar dae later op 12 Junie 1985 plaasgevind het, het van dieselfde modus operandi (metode) gebruik … 'n groep MK-operateurs onder leiding van Charles Ndaba, insluitende Bokser Mthembu, Jabulanie Sibisi, Sifiso Nxumalo en Innocent Thenjwayo, is deur 'n Vlakplaas-bestuurder gehaal en na 'n sekere plek geneem en voorgelê …

Vyftien aansoekers, insluitende De Kock en voormalige sekuriteitspolisiemanne Paul van Dyk, Johan Tait, Marthinus Ras and Cornelius Botha is almal by hierdie aansoek betrokke.

[Uit httos:/Awww.iol.co.za/news/politics/trc-to-hear-about-piet-retief-killings-6460. Toegang op 21 Oktober 2019 verkry.]

**BRON 2D**

Die spotprent deur Zapiro hieronder beeld Aartsbiskop Desmond Tutu uit waar hy Eugene de Kock se aansoek om amnestie ontvang.




[Uit hitto:/Awww.saha.org.za/news/2013/July/gallery_eugene de kock.ht Toegang op 21 Oktober 2019 verkry.]

**ERKENNINGS**

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Bonner, P. et al 1998, *Soweto: A History* Cape Town

hitto:/Awww.saha. org. za/news/2013/July/gallery_eugene de kock.htm

httos:/Awww.iol.co.za/news/politics/trc-to-hear-about-piet-retief-killings-6460

http://sabctrc.saha.org.za.

https*://www.iol.co.za › thepost › lenny-naidu-the-making-of-a-hero-15631*

south Africa-info.com/history/nelson-mandela-timeline/attachment/united-democratic-front- elections-boycott-poster-1984

Worden, N. 2012,*The Making of Modern South Africa* Wiley-Blackwell Oxford

www.ancarchives.co.za

Kopiereg voorbehou